

# KONSTITUSIE VAN DIE MOERKWEKERSFORUM



# **KONSTITUSIE VAN DIE MOERKWEKERSFORUM**

## **1 NAAM**

Die Forum staan bekend as die MOERKWEKERSFORUM.

## **2 STATUS**

- 2.1 Die Moerkwekersforum is die hoogste gesag in die moerbedryf en is die verteenwoordigende instansie vir geregistreerde moerkwekers of verteenwoordigers van geregistreerde moerkwekers.
- 2.2 Besluite wat deur die Moerkwekersforum geneem word, is van toepassing op alle geregistreerde moerkwekers.
- 2.3 Die Moerkwekersforum dien as die platform waar alle rolspelers in die Moerbedryf hulle insette kan lewer.

## **3 DOELSTELLINGS**

- 3.1 Om as gespreksforum te dien en om besluite rakende die moerbedryf te neem.
  - 3.2 Die bepaling van behoeftes in die moerbedryf vanaf grondvlak en die prioritering daarvan.
  - 3.3 Die identifisering van navorsingsprojekte om behoeftes aan te spreek.
  - 3.4 Die identifisering van behoeftes ten opsigte van die sertifisering van aartappelmoere.
  - 3.5 Die identifisering van behoeftes ten opsigte van die verhandeling van aartappelmoere.
  - 3.6 Die maak van aanbevelings aan OSRA t.o.v. wysigings aan die Skema vir die Sertifisering van Aartappelmoere.
  - 3.7 Die verwysing van besluite na die onderskeie komitees en instansies betrokke by die moerbedryf.
  - 3.8 Disseminasie van inligting.
- Hierdie doelwitte is ondersteunend tot die Doelwitte van die Nasionale Moerekomitee.

## **4. SAMESTELLING**

- 4.1 Die lede van die Moerkwekersforum bestaan uit geregistreerde moerkwekers of verteenwoordigers van geregistreerde moerkwekers.
- 4.2 Die Moerkwekersforum bepaal die kriteria vir die aanwysing van afgevaardigdes.
- 4.3 Die afgevaardigdes wat die onderskeie produksiestreke verteenwoordig, het besluitnemingsmagte.
- 4.4 Die samestelling van die afgevaardigdes is gebaseer op die aantal kwekers, aantal hektare geregistreer, gesertifiseerde opbrengs asook die moerkwekerlede van die Nasionale Moerekomitee ~~lede per strek~~.
- 4.5 Die moerkwekerlede van die Nasionale Moerekomitee moet 'n streeksafgevaardigde wees. Ander afgevaardigdes word op 'n jaarlikse basis deur die streke aangewys.
- 4.6 Indien die Voorsitter en die Onder-voorsitter van die Nasionale Moerekomitee afwesig is, stel die teenwoordige lede 'n voorsitter uit hul geledere aan vir die duur van die vergadering.
- 4.7 Die Sekretaris van Aartappelsertifiseringsdiens is verantwoordelik vir die sekretariële pligte van die Moerkwekersforum.
- 4.8 Slegs afgevaardigdes het stemreg.

## **5 AANWYSING VAN DIE LEDE VAN DIE NASIONALE MOEREKOMITEE EN AFGEVAARDIGDES**

Wanneer die Moerkwekersforum nie in sitting is nie is die Nasionale Moerekomitee verantwoordelik vir die werksaamhede van die Moerkwekersforum.

- 5.1 Lede vir die Nasionale Moerekomitee en afgevaardigdes wat die besluitneming van die Moerkwekersforum behartig, word deur die Moerekomitees van die onderskeie produksiegebiede aangewys.
- 5.2 Amptelike bevestiging van lede van die Nasionale Moerekomitee geskied tydens die Moerkwekersforum.
- 5.3 Tydens die Moerkwekersforum word die Voorsitter deur die afgevaardigdes verkies vanuit die moerkwekerlede ~~geledere~~ van die Nasionale Moerekomitee. Hierdie persoon is dan ook outomaties die Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee. Ten einde te waak teen 'n situasie van verdeelde belange mag die voorsitter van die Nasionale Moerekomitee nie 'n voorsitter van 'n Gebiedsbestuur van Aartappels Suid-Afrika ~~wees~~ of 'n tafelprodusent wees nie.

Die Onder-Voorsitter word tydens die eerste vergadering van die Nasionale Moerekomitee na afloop van die Forum aangewys.

- 5.4 Die Voorsitter word vir 'n termyn van twee jaar aangestel.
- 5.5 Die Voorsitter van die Moerkwekersforum word outomaties die Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en wel vir die termyn wat die persoon as Voorsitter van die Moerkwekersforum optree en verteenwoordig die moerbedryf op die Direksie van Aartappels Suid-Afrika asook die Nasionale Raad.
- 5.6 Om kontinuïteit te bevorder, word lede van die Nasionale Moerekomitee vir 'n termyn van twee jaar aangestel. Die ander afgevaardigdes word jaarliks vanuit die onderskeie produksiegebiede genomineer.
- 5.7 Indien 'n vakature op die Nasionale Moerekomitee ontstaan, moet die Sekretaris van die Moerkwekersforum sonder versuim daarvan in kennis gestel word. Die Moerkwekersforum moet by ontvangs van sodanige kennisgewing, of binne 'n redelike tydperk daarna, die vakature vul deur die persoon aan te stel wat deur die betrokke produksiegebied aangewys is.
- 5.8 Die Moerkwekersforum wys ook die lede van die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere aan.

## **6 FUNKSIONERING VAN DIE MOERKWEKERSFORUM**

- 6.1 Die reglement en wysigings tot die reglement word jaarliks deur die Moerkwekersforum goedgekeur.
- 6.2 Die Nasionale Moerekomitee rapporteer aan die Moerkwekersforum.
- 6.3 Die Moerkwekersforum vergader een maal per jaar. Die Nasionale Moerekomitee vergader drie maal per jaar, waarvan die derde vergadering direk na afloop van die Forum gehou word om besluite te bekragtig en na die betrokke instansies te verwys.
- 6.4 Die vergaderings van die Moerkwekersforum sal roteer tussen die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal en die sentrale deel van Suid-Afrika, met die uitsondering van wanneer dit saamval met die Kongres van Aartappels Suid-Afrika.
- 6.5 Die Nasionale Moerekomitee vergader altyd in Pretoria, behalwe vir die derde vergadering wat direk na afloop van die Forum plaasvind by dieselfde lokaliteit as die Forum.
- 6.6 Die besluite wat geneem is tydens die Moerkwekersforum moet so gou doenlik aan die moerkwekers beskikbaar gestel word, asook aan die Nasionale Moerekomitee vir afhandeling.
- 6.7 Sake word deur meerderheid van stemme (50% plus 1%) beslis en by 'n staking van stemme staan die saak oor tot die volgende vergadering. Indien daar weer 'n staking van stemme is, word die aangeleentheid verwerp.

- 6.8 Die Voorsitter beskik nie oor 'n beslissende stem nie.
- 6.9 'n Minimum van twee derdes van die afgevaardigdes na die Moerkwekersforum moet tydens die vergadering van die Moerkwekersforum in eie persoon aanwesig wees om 'n kworum te vorm.